e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

23 September 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 33

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Meld aan óf word vervolg

Die vervolging van ds PJ Theron van die NG gemeente Harmonie in Virginia (*Beeld* 19 September 2009) verdien ons aandag. Hy het na bewering in gebreke gebly om die seksuele molestering van 'n negejarige meisie by die polisie aan te meld. By skuldigbevinding kan hy tronkstraf van 5 jaar, 'n boete óf albei opgelê word.

Predikante verseker lidmate op vele maniere dat gesprekke in studeerkamers vertroulik is. Ons plaas 'n hoë premie op betroubaarheid en integriteit terwyl ons vertrou word met diepste geheime. Hoeveel bekentenisse word nie aangehoor en hoeveel seer word nie ook jou seer nie? Predikante dra op vele maniere aan lidmate se laste (Gal 6: 2). Ons toon begrip, vertroos, vermaan, deel God se genade, en bid in deernis vir elkeen...

Op 'n dag sit hy voor jou ('n denkbeeldige situasie maar nie vergesog nie omdat kindermolesteerders in al die lae van die samelewing voorkom). Hy stort ineen. Die minsame ouderling wat soveel vir die Kerk gedoen het. Die mens op wie se knoppie jy altyd kon druk, bely sy jarelange sondige vergryp. Bitter trane van berou word gestort en daar word om begrip en vergifnis gepleit na soveel worsteling en berou. Terwyl die gesprek voltrek, word die verwagting uitgespreek dat jy nie daaroor sal praat nie – die geheim moet tussen die vier mure van die studeerkamer bly.

Privilegie tot geheimhouding geld nie vir 'n predikant nie. Jy word eensklaps gekonfronteer met 'n nare werklikheid. Statistieke oor kindermolestering skreeu ten hemele. Daar word beweer dat daar elke 8 minute 'n kind in Suid-Afrika gemolesteer word. Een uit elke drie meisies (seuns loop ook die gevaar) word voor die ouderdom van 16 jaar gemolesteer. In 85 tot 90% van die gevalle ken die kind die molesteerder. In 58% van die gevalle is familie betrokke, en in 21% gevalle is die pa die molesteerder. In 50% van die gevalle vind dit in die kind of die molesteerder se huis plaas. Ek lees van 'n meisie wat hierdie gebeure vir 10 jaar lank uit haar lewe geblok het terwyl dit op ander maniere verwoesting gesaai het. Toe alles op die lappe kom, was haar woorde: *Ma, ek het julle hoor gesels in die vertrek langsaan. Ek het van skok gevries en kon julle nie roep nie.*

Genadiglik is die wet aan die kant van die kind. Die lyding van soveel slagoffers van hierdie stille vergryp het oor jare heen opgestapel in die psige van die gemeenskap. Artikel 54 van Wet 32 van 2007 moes noodwendig volg. Dit verplig jou, as jy 'n vermoede of 'n wete het dat 'n kind of verstandelik gestremde persoon seksueel gemolesteer word, om dit by die polisie aan te meld. Die Wet hét tande, en hoewel 'n mens deernis het met ds Theron, dien dit as tydige wekroep vir elke predikant en berader.

As die denkbeeldige situasie soos hierbo beskryf moontlik êrens in jou bediening opduik, sal jy jou plig doen as gehoorsame burger. Jy sal optree in die beste belang van die kind. Jy sal vertroue skend ter wille van reg en geregtigheid – tog sal jy op 'n vreemde manier skuldig voel, en êrens sal iemand jou verkwalik.

Ds André Ungerer

*** Lees verder oor hierdie onderwerp in *Dis ek Anna* (2004) van Elbie Lötter en *Thula-thula* (2009) van Annelie Botes.

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Beroep ontvang

- **Ds Innes Benadé** (beroepafwagtend) na Outeniqua (deeltyds)
- **Ds Colin Hertzog** van Middelburg-Noord na Welgelegen-Pietersburg
- **Dr Estelle Dannhauser** (Kempten-benoeming) na Port Elizabeth (deeltyds**)**
- **Dr Wimpie van Schoor** van Pinetown (deelsorg) na Primrose-Oos

Ds Innes Benadé

Ds Colin Hertzog

Dr Wimpie van Schoor en sy kinders

Beroep aanvaar

- **Ds Johann Marnewick** van Johannesburg na Johannesburg-Wes (deelsorg)

Beroep bedank

- **Ds Schalk Kok** van Potchefstroom-Noord na Delareyville

Vakante standplase

- Met ingang van 1 Oktober 2009 sal die **deelsorgstandplaas** van **Gemeente Pietermaritzburg** vakant wees. Belangstellende predikante word genooi om 'n CV in te dien voor **25 September 2009**. Dit moet 'n kort motivering van die aansoeker se persoonlike visie en vaardighede insluit. Die Kerkraad sal met die aansoekers onderhoude voer, en daar kan van kandidate 'n proefpreek in die gemeente verwag word. Kontak Jaco Behrens by **jbehrensm@mweb.co.za** of 079 506 9058, of Jan du Plessis by **drjandup@xsinet.co.za** of 082 859 5251.

- Die gemeentes **Joachim Prinsloo en Ruskoppies** in die omgewing van Thabazimbi-bosveld het besluit om 'n kombinasie-ooreenkoms aan te gaan en so 'n **volledig versorgde standplaas** te skep. Die predikantsegpaar sal in die rustige dorpie Dwaaldoom woon. Twee oggenderedienste by die onderskeie gemeentes vind Sondae plaas. Die gemeentes bestaan grootliks uit dorpswyke, maar daar is ook verskeie plaaswyke. Die platinummyne en PPC verskaf werk in die omgewing. Daar is groot groeipotensiaal indien met ywer en toewyding gewerk word. Belangstellende getroude predikante met minstens drie jaar ondervinding (ook egpare wat albei predikante is) kan **voor 10 Oktober** met 'n CV aansoek doen by **poenaS@amplats.co.za**.

Dr Estelle Dannhauser

Ds Schalk Kok

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Drr André en Jonanda Groenewald** se tweede seun, Nehan, is op 15 September om 02:30 gebore. Hy het 8 pond en 15 onse geweeg. Dr André skryf: *Ons is so dankbaar teenoor ons Hemelse Vader vir hierdie geskenk!* Die Groenewald-gesin woon en werk tans in Skotland. Kontak hulle by **groenstes@yahoo.com** of **jonandagroenewald@yahoo.com**.

- **Ds Ockie van Schalkwyk**, die afgelope paar jaar deeltydse predikant by Gemeente Outeniqua, is op sy versoek van sy standplaas losgemaak aangesien hy weer in Gauteng moet begin werk. Hy woon tans in die Hartebeestpoort-omgewing en is weer beroepbaar in die Kerk. Gemeente Outeniqua het ds Innes Benadé as deeltydse predikant beroep.

Drr André en Jonanda Groenewald

Ds Louis Pienaar Ds Arno Nieuwhof



Ds Koos Naudé

- **Ds Mariëtte van der Berg** is op haar versoek van haar standplaas Sionspoort losgemaak. Sy het vir langer as ’n jaar suksesvol in die standplaas gewerk. Haar eggenoot het ’n betrekking in Australië aanvaar en die egpaar het besluit om daarheen te verhuis. Sy behou haar ampsvoorreg en moet jaarliks aansoek doen om die behoud daarvan. Sy beplan om by ’n kerk in Australië betrokke te raak en so haar bediening voort te sit.

- Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) het by sy onlangse vergadering die verslag van **ds Louis Pienaar** oor sy werk rondom die bearbeiding van gevangenes en dwelmverslaafdes behandel. Daar is met dank kennis geneem van die groot getal mense wat berading by hom ontvang. Hy word sterkte met die werk toegebid.

- **Ds Arno Nieuwhof**, predikant van Witbank en Witbank-Noord, en ’n aantal lidmate besoek van 24 September af die lidmate in Zimbabwe. Hulle sal tot ongeveer Dinsdag 29 September lidmate in die Bulawayo-omgewing besoek, en daarna na die Harare-omgewing beweeg waar hulle tot ongeveer 5 Oktober sal bly. Ds Nieuwhof en die kerkraadslede saam met hom sal hulle toespits op huisbesoek by die lidmate. Vanuit die gemeentes en gemeenskap is ’n groot hoeveelheid kosvoorrade bymekaar gemaak. Bande vir lidmate se motors is ook bekom en sal saamgeneem word.

- In die vorige uitgawe is berig oor die kosbare werk wat die emeriti in die Kerk verrig. **Ds Koos Naudé** van Potchefstroom laat weet dat hy Gemeente Venterskroon sedert sy emeritaataanvaarding in 1988 op versoek van die ring van Potchefstroom bedien. In 2007 het hy 50 eredienste gehou, 30 daarvan in Venterskroon en die res in onder meer Leeudoringstad, Makwassie en Bothaville. In 2008 het hy 65 eredienste gehou, sommige weke twee oggenddienste direk na mekaar in verskillende dorpe. Vanjaar het hy reeds 20 eredienste gehou ten spyte van sy hospitalisasie toe sy galblaas gedurende Mei verwyder is. Die afgelope ses jaar bied hy ook elke twee weke ’n uur lange Bybelstudie aan vir 14 bejaardes. Hy woon ook gereeld ringsvergaderings by. Ds Naudé se vrou, Dirkie, is gedurende Maart oorlede. Ds Naudé skryf: *Ek is dankbaar om op my ouderdom nog in die Kerk te mag werk.*

- **Die volgende predikante verjaar van 23 September tot 2 Oktober,** en word hartlik geluk gewens:

  - Woensdag 23 September: Di Wouter Beukes en Neels Botha, en dr Gert Malan
  - Donderdag 24 September: Ds Thinus van Staden
  - Saterdag 26 September: Ds Marna van der Westhuizen
  - Maandag 28 September: Ds Gert Roos en prof Natie van Wyk
  - Dinsdag 29 September: Ds Buddie Dupper
  - Woensdag 30 September: Di Jan Schroeder, Mariëtte van der Berg en Janida van der Westhuizen
  - Vrydag 2 Oktober: Ds Charel van der Berg

- **Gemeente Johannesburg-Wes** het besluit om sy standplaas na deelversorging te wysig. **Ds Johann Marnewick** van Johannesburg het die beroep na die gemeente aanvaar. Die kerkraad van Johannesburg-Wes sal in die toekoms steeds kombinasies met ander gemeentes oorweeg ten einde ’n volledigversorgde standplaas daar te stel.



Annelie Swanepoel ontvang die skenking namens die Saadjie-projek

- Die gemeentes **Primrose en Primrose-Oos** het ten doel gestel om aan die graad 1-leerders in die omliggende skole elk ’n Bybel te gee. Hulle noem die projek die **Saadjie-projek**, omdat die gee van ’n Bybel die saai van God se Woord is. **Gemeente Randburg** het besluit om die Saadjie-projek te ondersteun. Nadat vasgestel is watter Bybelvertaling en druk aan die kinders uitgedeel sou

Sommige lede van Gemeente Randburg se motorfietsbediening

word, is die Bybels aangekoop. Dit is die *Lees en Leer Bybel* vir kinders in die ouderdomsgroep 7 tot 12 jaar, en is 'n produk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Op Sondag 13 September is Bybels ter waarde van R15 000 na Primrose-Oos geneem. Die aflewering en oorhandiging is gedoen deur die entoesiastiese lede van Gemeente Randburg se motorfietsbediening. Die nuus van die besoek het egter uitgelek en groot was die verrassing toe die 14 Randburg-motorfietse op die kerkterrein van Primrose-Oos ontvang is deur 'n motorfietsklub van die Oos-Rand met die naam *Bad Boys*. **Ds CJ van Wyk** het in sy kort toesprakie na hulle verwys as die rêrige *bikers* (dis nou die ouens met die baie *badges* op hul baadjies). Vir die volgepakte kerkgebou was dit waarskynlik iets nuuts om mense met buitengewone kerkklere in die erediens te hê. Waarskynlik ook 'n nuwe ervaring vir ds Larry van der Walt, wat die erediens gelei het. Randburg wens Primrose en Primrose-Oos alle sukses toe met die Saadjie-projek. As u graag meer oor die Saadjie-projek te wete wil kom en dalk 'n bydrae wil lewer, kontak Annelie Swanepoel van Primrose-Oos by 082 870 7795.

- Die Kommissie van die AKV het besluit om by sy vergadering in November met lede van die Raad vir Apostolaat gesprek te voer oor **missionale bediening**. Daar is nog heelwat vrae oor die aangeleentheid, en met gesprekvoering behoort die onduidelikhede opgeklaar te word.

- Die **Komitee vir Huweliks- en Ander Sinvolle Verhoudingsmoontlikhede** het onderneem om by die Kommissie van die AKV se vergadering in November 'n memorandum oor 'n eie kerklike huwelik ter tafel te lê. Die memorandum sal na ouderlingevergaderings deurgegee word vir kommentaar.

- Die Kommissie van die AKV het by sy vergadering in September besluit om 'n **besprekingsdag vroeg in 2010** te hou onder leiding van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK). Daar is verskeie sake wat bespreek moet word, onder meer die Kerk se aansoek om lidmaatskap by *WARC*, die voor- en nadele wat dit inhou, ekumene en ekumeniese betrekkinge, en die Volkskerkgedagte in die Kerkorde. Dit is veral die oogmerk van die Kommissie om soveel moontlik besprekingstyd toe te laat. Die byeenkoms sal ook nie beperk word tot Ringskommissies nie, maar sal oop wees vir belangstellende lidmate en ampsdraers.

- **Die Kommissie van die AKV** het sy **gewone vergaderdatums vir 2010** vasgestel. Kerkrade en Ringskommissies moet kennis neem van die datums sodat korrespondensie wat deur die Kommissie behandel word en waaroor besluite geneem moet word, die Kommissie betyds ongeveer drie weke voor die vergaderdatum kan bereik. Die datums is soos volg:
  - Donderdag 11 en Vrydag 12 Maart 2010
  - Donderdag 3 en Vrydag 4 Junie 2010
  - Donderdag 2 en Vrydag 3 September 2010
  - Donderdag 11 en Vrydag 12 November 2010 (nuutverkose Kommissie)

  Gewone Moderamenvergaderings vind plaas in die maande waarin die Kommissie nie vergader nie. Die Moderamen het nie besluitnemingsbevoegdheid nie.

- Gemeentes wat reeds besig is met die beplanning van hul jaarprogram en **kalender vir 2010** word daarop gewys dat 'n komitee tans werk aan 'n jaarprogram wat volgende jaar regdeur die Kerk gebruik kan word. Die doel is om die **kerklike jaar as vertrekpunt** te neem, en aan al die kerklike liggame en aktiwiteite 'n plek daarbinne toe te ken.

  Op hierdie manier kan al die werk wat in die Kerk gedoen word ook in gemeentes aan die orde gestel word, en word gepoog om spesiale geleenthede en die kommunikasie wat daarmee gepaard gaan, te sinchroniseer en oor die jaar te versprei. Hierdie kalender behoort vroeg in Oktober gereed te wees om aan gemeentes versprei te word.

- Die Maranatha Reformed Church of Christ **(MRCC)** se **11de Algemene Kerkvergadering** is geskeduleer vir **28 September tot 1 Oktober** by Mimosa-vakansieoord in Parys, Vrystaat. Ds Joseph Motloba versoek dat Hervormde lidmate en predikante in die omgewing van Parys die Tumahole/Parys-gemeente van die MRCC moet kontak indien hulle op enige wyse behulpsaam kan wees. Skakel met ds Tiisetso Leema by 073 865 7639, ouderling Phutha by 073 269 6524, of ds Motloba by 012 322 8885 x262.

- Die Kerk word soms daarvan beskuldig dat daar nie veel gedoen word vir mense wat geïnfekteer is of geaffekteer word deur die MIV-virus nie. Tog gebeur dit dikwels dat Hervormers mekaar raakloop by konferensies en werkwinkels oor MIV. Soms woon die lidmate die konferensie by namens 'n bepaalde organisasie, en soms tree hulle as kundige sprekers op. Dié lidmate doen baanbrekerswerk in die stryd teen MIV. Die **werkgroep vir MIV/vigs** wil 'n **databasis** saamstel van lidmate wat op hierdie terrein werk. Indien u dalk self daarby betrokke is of weet van iemand, kan u die kontakbesonderhede deurgee aan ds Kathleen Smith by **kathleen@adept.co.za** of 021 551 5264.

Ds Kathleen Smith en Pieter Swart

Op die foto links: Ds Kathleen Smith en Pieter Swart, 'n lidmaat van Gemeente Philadelphia, tydens die Vierde Suid-Afrikaanse Vigskonferensie vroeër vanjaar. Pieter is hoof van die Konferensiesekretariaat.

- **Gemeente Pretoria** beskik tans oor 'n **vakature vir 'n koster**. Aansoeke kan gerig word aan die skriba, mnr Frans Changuion, by Posbus 40784, Arcadia 0007. Die **sluitingsdatum is 15 Oktober**. Skakel mnr Changuion by 083 749 9281 vir meer besonderhede.

Verjaardagvierings en spesiale eredienste

- **Krugerdag of Heldedag** word jaarliks op **10 Oktober** in ere gehou. Soos in die verlede, doen die Hervormde Kerk mee aan die vieringe en gedenk ons die dienswerk en opoffering van voorgangers soos di MJ Goddefroy en AJ Begemann.

  Gemeentes word versoek om weer aan die geleentheid aandag te skenk. Die Komitee vir die Argief en Museum gee daarom graag die volgende inligting deur.

  - Ds Dirk van der Hoff is waarskynlik op 9 of 10 Oktober 1881 oorlede en in Potchefstroom begrawe. Volgens die Kerk se argivaris het die Kerkraad van Potchefstroom onder leiding van ds S Vermooten die graf van ds Van der Hoff in 1919-1920 herstel. Die grafsteen is op 10 Oktober 1920 onthul.
  - Mev Van der Hoff is in Christiana begrawe. Inligting oor haar graf en enige besonderhede sal waardeer word.
  - Ds AJ Begemann is in 1925 oorlede en in die Pretoria-begraafplaas begrawe.
  - Oor die graf van ds GW Smits, wat in 1894 oorlede is, ontbreek inligting.

  Ander predikante en besonderhede van hul grafte is die volgende:
  - Ds CW du Toit – Potchefstroom, langs mev Du Toit
  - Ds Jac van Belkum († 1984) – Heidelberg
  - Ds LE Brandt († 1939) – Brixton-begraafplaas, Johannesburg
  - Ds PW Ennis († 1932) – Klerksdorp
  - Ds PW van Drimmelen († 1919) – Angola
  - Ds JJ Kuhn († 1937) – Germiston
  - Ds JJ Prinsloo († 1955) – graf onbekend
  - Dr HCM Fourie – Groot Marico
  - Ds AJ Barger († 1940) – Oos-Londen
  - Ds WPJ Poën († 1937) – Potchefstroom

- **Gemeente Noordelike Pretoria vier vanjaar hul 75ste bestaansjaar.** Hulle hou **gemeentefees** van **Vrydag 16 tot Sondag 18 Oktober**, en wil ook ’n **gedenkalbum** uitgee. Kontak ds André Strauss by 012 335 9208, 082 710 2539 of **anly58@gmail.com**.

- **Gemeente Petrusburg** hou op **Saterdag 14 November** ’n **kuierdag** vir alle oudpredikante en oudlidmate. Op **Sondag 15 November** hou hulle ’n **hoeksteenlegging**. Kontak Leanie van der Merwe by 082 859 7739 vir meer inligting.

Konserte en damesbyeenkomste

- **Gemeente Roedtan** bied op **Saterdag 26 September** om 19:00 ’n **Vyfster-kersligete** aan in die skoolsaal van Roedtan. Die sanger wat optree, is Sorina, en sy sing liedjies van haar album *Praat met my*. Kaartjies is beskikbaar teen R200 per persoon. Kontak Hermien by 082 774 1022.

- **Gemeente Theresapark** bied op **Vrydag 2 Oktober** om 18:30 vir 19:00 ’n **tradisionele dansdemonstrasie** met ’n **driegang Boerekosete** aan. Die koste is R150 per persoon of R250 per paar. Vir kaartjies en meer besonderhede, kontak die gemeentelike kerkkantoor by **nhtheresapark@absamail.co.za** of 012 542 3568.

- **Gemeente Belfast** bied op **Saterdag 10 Oktober** om 14:00 ’n **damestee** aan in die kerksaal, hv Steven Masango- en Mc Donaldstraat, Belfast. Die tema is *Almal dra ’n hoed!* Die koste is R60 per persoon, en vir bejaardes R30 per persoon. Skakel 013 253 1601 vir meer besonderhede.

- **Glam Guru** (Hannon Bothma en span) kom kuier by die **NHSV Villiers** op **Woensdag 14 Oktober** om 18:30. Kaartjies kos R100 per persoon. Daar sal ook ’n gelukkige trekking wees. Kontak Helen du Preez by 082 417 5188 vir meer inligting of kaartjies.

- **Gemeente Noordrand** hou op **Saterdag 17 Oktober konsert met Nianell en ’n kaas-en-wyn-ete** in die kerksaal. Die koste is R150 per persoon. Vir besonderhede en besprekings, skakel Anette Coetzee by 084 500 3989 of 011 958 1054, of Trudie Rees by 082 456 6975.

- **Die NHSV van Gemeente Premiermyn** in Cullinan hou op **Saterdag 17 Oktober** om 10:00 ’n **Damestee** in die kerksaal met **Saphira** (Janetta Kannenberg) as spreker. Die tema is *Vrouwees*. Daar sal ook uitstallers wees en heelwat pryse om te wen. Alle dames wat die dag wil bywoon of dalk wil uitstal, is welkom. Die toegang is R60 en ’n ontwerpershoed (jou eie ontwerp). Skakel Annetjie by 082 921 8200.

Kampe en toere

- **Gemeente Hartebeeshoek** bied van **9 tot 11 Oktober** ’n **Ma-en-dogter-kamp** aan by Mopani Lodge. Ma’s met dogters van graad 7 tot volwasse ouderdom sal die meeste baat vind by die gesprek. Die onderwerpe sluit die volgende in:
  - Agge nee, ek klink soos my ma!
  - Jy verstaan my nie!
  - Gaan jy dít aantrek? (Oor hare, klere en gewig)
  - Ma’s gee advies en dogters beleef dit as kritiek
  - Pynlike geheime
  - My ma my beste vriendin (en andersom)
  - Die geskenk van onafhanklikheid

  Bring 3 foto’s van jou en jou ma saam. En dit sal gaaf wees as julle vir mekaar ’n klein verrassing saambring!

- **Gemeente Hartebeeshoek** bied van **Vrydag 30 Oktober tot Sondag 1 November** 'n **skoolverwisselingskamp** aan by Warthog Inn. Die koste is R360 per kind. Die hoërskoollewe lê en wag net om die draai! Laat ons jou help om voor te berei op dit wat op jou wag. 'n Paar van die onderwerpe wat ons sal aanraak, is:
  - *Me, myself and I* (Selfvertroue)
  - Pêlle (Watter sal my maak en watter sal my breek?)
  - Die skaal (Leef gebalanseerd tussen akademie, *social* en ouers)
  - God (Waar pas Hy en geloof in die prentjie in?)

  Kontak ds Janine Bevolo-Manders by **bevolo@arestan.co.za**, 012 546 8686 of 083 260 0983.

- **Aandag alle matrieks.** Die Hervormde Kerk bied weer 'n **X-matriek-wegbreek** aan, van **7 tot 12 Desember**, by Mount Joy Lodge naby Margate. Vir net R1 900 kan jy 'n week lank weggaan saam met ander x-matrieks. **Di Thomas Dreyer** (082 552 9394) **en Petri van Rooyen** (083 662 2804) vergesel die groep. Slegs 25 x-matrieks kan geakkommodeer word. Bespreek by Danie van der Merwe by 082 334 6469 of 012 661 8544, per faks by 086 541 0927, of per e-pos by **dtpromotions@telkomsa.net**.

Ds André Ungerer

Dr Hennie Botes

- Daar is nog plekke beskikbaar vir die toer wat **onder leiding van ds André Ungerer** na die **2010 Passiespel** onderneem word. Die vertrekdatum is 8 Junie 2010. Kontak ds Ungerer of sy vrou, Esbé, by 018 468 5127, 082 940 8201 of **nhrngzpg@mweb.co.za**.

- Nog 'n **pelgrimstoer** vir Christene na Oberammergau en Israel via Switserland vind van 28 Mei tot 8 Junie 2010 plaas. Die toerleier is **dr Hennie Botes**. Kontak dr Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholfuitdaging** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.

- **Gemeente Waterberg** in Nylstroom hou 'n **gholfdag** by Koro Creek Gholfklub op **Saterdag 24 Oktober**. Vir meer inligting, skakel Ina Lategan tussen 08:00 en 13:00 by 014 717 3355, of James van Zyl by 014 717 2244. Groot pryse is op die spel!

- **Gemeente Belfast** bied op **Saterdag 31 Oktober** 'n **gholfdag** aan. Skakel Christelle by 083 737 4930 vir meer inligting.

- **Gemeente Witbank** bied 'n **Oewer- en Boothengelkompetisie** aan op **Saterdag 7 November** by Forever Resorts Loskopdam. Daar is groot pryse te wen! Kontak ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030, Christo by 082 254 3296, of Peet by 083 228 3365.

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Wesmoot** wil graag 'n bussie koop vir die vervoer van jongmense en bejaardes. Maak asseblief 'n donasie van R15 – SMS **WESMOOT** na 39055.

- **Gemeente Springs-Oos** bied 'n **feesreeks messe** aan om saam te val met die gemeente se **50ste verjaardag**, en om fondse in te samel vir die bou van 'n ouetehuis. Kontak ds Pierre Roets by 083 274 2657, Marietta Perkins by 084 212 2186, of Valerie Benadie by 082 852 5526 vir meer inligting, pryse en om te bestel.

- Gemeentes kan groot geld verdien deur aan gemeentes **Hartbeesfontein en Gerdau** se **Wen-'n-boerdery-kompetisie** deel te neem. Die trekking is eers op **8 Mei 2010**. Kontak Jaco Labuschagne by 083 779 7954 of die kolporteur by **kolporteur.nhk@gmail.com** vir meer inligting of bestellings.

- **Gemeente Naboomspruit** hou 'n **osbraai** op **Saterdag 10 Oktober** om 18:00 by die Naboomspruitse feesterrein. Kontak Lena by 014 743 1325.

Basaars en markte

- **Gemeente Waterval Boven** bied op **Saterdag 26 September** die **MaKomati-gesinsfees** aan, met onder meer kwadfiets- en 4x4-roetes in die berge, 'n boogskietkompetisie, 'n kruitvuurvertoning, en die aand 'n langarmdans. Vir besprekings, kontak Elzabé by 083 267 5093. SMS die naam van die fees na 35959 teen R3 per SMS en wen dalk 'n skaap.

- **Gemeente Laer Suidkus** hou op **Vrydag 2 en Saterdag 3 Oktober** karnaval in egte boeretradisie. Die **Krokodilfees-karnaval** skop af met 'n spitbraai op 2 Oktober om 18:00, waar vlakvark en skaap op die spit, bykosse en krokodil-*steaks* bedien word. Kaartjies verkoop teen R50 per persoon. Bier, wyn en koeldrank kan by die kontantkroeg gekoop word. Op Saterdag 3 Oktober word die karnaval aangebied met allerlei kosstalletjies, vermaak vir die kinders, grootskermrugby in die biertuin, met alles te koop van 'n krokodilburger tot 'n wit olifant. Die karnaval vind plaas op die kerkterrein, Scottstraat 3 in Port Shepstone, en op die bure, Port Shepstone Baptist Church, se terrein. Skakel ds Jacques Pieterse by 082 458 4482.

- **Gemeente Kruin** bied op **Saterdag 31 Oktober** hul jaarlikse **karnaval** aan. Daar sal onder meer 'n vendusie en 'n potjiekoskompetisie wees. Kom luister na die Monument-boereorkes met Bosveld Stereo as DJ. Kontak die gemeentelike kerkkantoor by **nhkkruin@gmail.com**.

- Op **Saterdag 7 November** hou **Gemeente Waterberg** 'n **Kersmark**. Vir meer inligting, skakel die gemeentelike kerkkantoor by 014 717 3355.

- **Gemeente Magaliesmoot** hou van **2 tot 5 Desember** 'n **Kersmark**. Belang-stellendes kan hul eie produkte daar kom uitstal of verkoop. Kontak Elma by 082 954 7955 vir keuring.

ANDER NUUS

Dr Malan Storm

- Die **Kerkhistoriese Genootskap** van die Hervormde Kerk vier sy **50-jarige bestaan** tydens sy kongres op **Donderdag 8 Oktober** om 09:00 in die kerkgebou van Gemeente Meyerspark. Kontak dr Malan Storm by 083 308 1030 vir meer inligting.

- Die **to care foundation** bied weer **Placécol**-bederfdae aan op **Saterdae 10 en 17 Oktober**. Vir slegs R150 ontvang jy 'n gesigbehandeling, rug- en nekmassering asook 'n manikuur in 'n sessie van 'n uur en 'n half. Die sessies is van 08:30 tot 10:00; 10:30 tot 12:00; 12:30 tot 14:00. Kontak Linda by 012 322 8885 x205 of **linda@tocare.co.za** om plek te bespreek.

Belangrike vergaderings

Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

- Maandag 28 September: Komitee vir Missionale Bediening

Vakatures by die Universiteit van Pretoria

Die onderstaande twee vakatures bestaan tans by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

- **Deeltydse termynaanstelling in die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg**
  Die termyn van die pos is jaarliks hersienbaar. Die aantal ure wat die dosent per week vir die pos beskikbaar moet wees, sal onderhandel word.

- **Permanent-voltydse aanstelling in die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap**

Predikante van die Hervormde Kerk wat toepaslik gekwalifiseer is, word genooi om aansoek te doen. Aansoeke moet van 'n *professionele portefeulje* vergesel wees, en moet in die voorgeskrewe formaat van die Universiteit van Pretoria gedoen word. Van die dosente sal verwag word om in ooreenstemming met die ekumeniese karakter van die Fakulteit te funksioneer. Die suksesvolle kandidate sal aangestel word op posvlakke in ooreenstemming met hul akademiese meriete.

Rig navrae aan **me Hannie-Marie Swart** by **hannie-marie.swart@up.ac.za**. Aansoeke word *via* die Skriba van die Kuratorium gerig aan die Direkteur: Menslike Hulpbronne van die Universiteit van Pretoria en word **tot Vrydag 2 Oktober** ingewag. Indien die aanstellingsprosedures verloop soos beplan, sal die vakatures **met ingang van 1 Januarie 2010** gevul word.

KOMMENTAAR

"Ik kreeg de laatste tijd herhaaldelijk via een bevriende predikant de Hervormder toegestuurd maar ik stel het zeer op prijs deze uitgave regelrecht te ontvangen waardoor ik op de hoogte blijf van de wederwaardigheden van voorgangers en gemeenten.

Het trof mij dat bij u zo zorgvuldig met het 'aanbieden' van emeriti omgegaan wordt terwijl kennelijk geen sprake is van het inzetten van pastorale werkers. Bij ons vliegen de kosten voor een predikantsplaats de laatste tijd de pan uit – ik kan bijna jaloers worden! – maar daardoor gaan volledige predikantsplaatsen meer en meer over in deeltijdse verzorging waardoor met name vrouwen aan het werk kunnen. Maar voor de rechtse gemeenten is dat geen optie zoals u wellicht weet. Dan blijven over de mogelijkheid van pastorale werkers hetgeen niet altijd een succes is (met name het gehalte van de eredienst daalt schrikbarend) of van emeriti.

Zo kon ik met eenvoudige toestemming meer dan elf jaar werken in een kleine gemeente. Voor de gemeente van Serooskerke was dat een oplossing omdat het nu zowel financieel gezond is als ook kerkelijk/ambtelijk op orde is. Uit het dorpje zelf komen nog slechts zes oude mensen naar de kerk (het dorp is vanouds politiek links en onkerkelijk) maar uit de omgeving zijn er velen gekomen en daarbij is het een pleisterplaats voor vele vacantiegangers waardoor zowel de morgen- als de avonddiensten die of leerdienst of zangdienst is heel goed bezet zijn. Dikwijls moeten stoelen bijgezet worden. Zoals gezegd zijn de financiële verplichtingen zozeer gestegen dat ook voor de toekomst er geen andere optie is dan een emeritus.

Dit even naar aanleiding van wat ik las. Nogmaals dank voor de toezending. Wellicht is er het komende 'voorjaar' (wat ons betreft) nog weer gelegenheid persoonlijke ontmoetingen te hebben met gemeenten en voorgangers. Met vriendelijke groet."

Dr Gys Bos

ESKOM in die spervuur

Dit is met ontsteltenis dat die publiek verneem van die vermetelheid van ESKOM se bestuur om vir die tweede buitensporige verhoging in hul tariewe te vra – pas nadat die 31,3% verhoging wat deur NERSA (Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika) goedgekeur is, geïmplementeer is. Dit volg op die 27% verhoging wat NERSA in Junie 2008 goedgekeur het. Die impak van die jongste verhoging van tariewe vir elektrisiteit op die inflasiesyfer en die land se ekonomie kan nog nie eers bereken word nie, en nou vra ESKOM volgens die media reeds vir ’n verdere groot verhoging.

Hierdie versoek het nie net ’n ekonomiese impak nie, maar ook ’n etiese impak. Dit gaan dus nie net oor hoeveel verbruikers moet betaal sodat ESKOM hul diens effektief kan lewer nie, dit gaan ook oor die morele regverdigbaarheid van die nuutste versoek van ESKOM se bestuur. Hulle versoek het ’n baie groot impak op die lewenskwaliteit van gewone landsburgers, maar kan hulle bestuur die morele toets deurstaan? Hierdie vraag word gestel in die lig van ESKOM se rekord van swak bestuur en beplanning, en die massiewe lening (R60 miljard) wat hulle reeds uit die staatskas (belastinggeld) ontvang het.

Die versoek raak immoreel wanneer dit aan die lig kom dat die Hoof- Uitvoerende Beampte ’n salarisverhoging van omtrent R1 miljoen (26,7%) ontvang, terwyl ESKOM se personeel met 10,55% op klein salarisskale tevrede moes wees. Daarbenewens ontvang die Hoof- Uitvoerende Beampte (HUB) boonop aandele en aandele-opsies ter waarde van miljoene Rand. Dít terwyl die werkloosheidsyfer in Suid-Afrika ongeveer 40% is, en ’n ontstellende groot deel van Suid-Afrika se bevolking onder die broodlyn leef. Dan is dit net nie goed genoeg dat die HUB sê hy het nie vir die verhoging gevra nie – hy het dit immers aanvaar! Hoe kyk hy die armes van Suid-Afrika in die oë?

Te midde van die wêreldwye finansiële krisis het die uitvoerende hoofde van groot motormaatskappye by die Amerikaanse regering gaan hulp vra, maar terselfdertyd aangebied om hul dienste vir ’n bepaalde tyd sonder vergoeding te lewer ter wille van die voortbestaan van hul maatskappye en die werksgeleenthede vir duisende gewone werkers. Watter skrille kontras met die optrede van ESKOM se bestuur!

Hierdie is daarom ’n toets vir NERSA en die regering van die RSA. Dit is nie net ’n ekonomiese toets nie; dit is inderdaad ’n morele toets.

Dr Wouter van Wyk

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx